NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

22 Januarie 2023

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Mattheus 4:12-23.** *Jesus vat maar kanse met mense …*
2. **Kategese:** Alle kinders gaan net nadat die erediens begin het saal toe waarna hulle in die verskillende klasgroepe sal verdeel. Die lys van kategete en die kwartaalprogram sal volgende week beskikbaar wees.
3. **Nuwe lidmate – Baie welkom!** Meld asb by Sakkie en Elsa by die tafel in die portaal aan.

ONS LEWE

1. **Program vir volgende weke:**

29 Jan	Toewytyd 1
5 Feb	Toewytyd 2. Omgeegroepe. Kategese avontuur-dag
12 Feb	Toewytyd 3. Huwelik Fokusweek begin

2. **Datums om duidelik te merk:**
   - **Week van 13 Februarie** is **Fokus op die Huwelik.** Lidmate wat daarvoor aanmeld ontvang elke dag 'n *Dink-en-Doen-blad*. Die week sluit af met 'n **Huweliksfees-ete op 19 Februarie**. Meer besonderhede kom binnekort.
   - **Lekkerkuier-klub** se spesiale **Valentynsdag byeenkoms** vind op **14 Februarie** plaas.
   - **Sondag 19 Februarie is Toewydingsfees 2023 en Nagmaal.** Dit sluit aan by die 2023 tema van "*een trappie op*" … elke lidmaat sal persoonlik hieraan kan deelneem. Ons maak elkeen een of ander "simbool" waarmee ons toewyding op dié dag uitgebeeld word.

ONS GEE OM

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Di Hart** (083 226 5486), **Annette van Heyningen** (074 298 3338 - Chris), **Piet Homan** (072 355 2186), **Heleen Bekker** (072 419 8235), **Johan Kemp** (011 787 6274), **Abraham Verrynne** (083 483 9132), **Charles Griffiths** (084 588 4403), **Dolf Müller** (082 854 8815) en **Chris de Waal** (082 926 2282).
2. **Operasies, hospitalisasie en gesondheidsprobleme:**
   - **Estelle Visser** (082 572 1462) herstel in Sandton Medi Clinic na 'n groot operasie.
   - **Wilma de Lange** (083 284 1693) en **Hein Fürstenburg** (083 285 6848) ontvang chemo.
   - **Leticia Wessels** (079 940 5785) herstel goed van 'n baie groot rug-operasie in Desember.

GELUK MET DIE VERJAARSDAG

22/01 Yolandi Broodryk, Nikkie Coetzee, Dina Lotriet
23/01 Aletha Greybe
26/01 Elsa Louw, Karin Pretorius, Jancis van Biljon, Basie Wessels
27/01 Elize de Wet, Benjamin Wessels

BASAAR 2023

24 Februarie is net **5 weke ver** ... Ons gaan weer basaar hou soos "*lank-lank gelede voor Covid*".

1. **Tuisnywerheid/Padstal** benodig 'n verskeidenheid huisvlyt, naaldwerk en handewerk artikels. Dit sluit oa in gebak, ingemaakte produkte, konfyte, pesto's, mosterd asook tuisgemaakte lekkergoed; kunsvlyt soos borduur– en breiwerk, baba klere, voorskote, vatlappe, tafeldoeke, ens. en handwerk soos hout- en metaalwerk. **Meld asseblief vroegtydig aan om bydraes te bevestig.** *Helda Becker* (083 291 2507 en *Mariëtte Keeve* (083 594 6789) gee graag meer inligting.
2. **Die bydrae-lyste is nou** op verskillende maniere beskikbaar. Die **bestelvorm** sal volgende week beskikbaar wees.

ONS DIEN

1. **Diensgroep Sorg:** Hierdie Diensgroep is hoofsaaklik verantwoordelik vir ons Voetspore van Liefde in die gemeente en gemeenskap. Pieter Jooste (073 676 0573) is die sameroeper en roep lidmate uit om deel te word van die span – sodat daar 'n skakelpersoon vir elke aksie kan wees – wat saam dan die Diensgroep vorm. Dit sluit in:
   - ♥ Help die Kind by Hoërskool Randburg en Sharonlea Primary
   - ♥ Ekklesiapark Tuiste vir Bejaardes
   - ♥ Diensvennote – Tutela Linden, Emmers Vol Liefde en Doorway to Dignity
   - ♥ Bambanani Kindersorg (Abraham Kriel Kinderhuis)
   - ♥ Randburg Wintersorg
   - ♥ Randburg Kersfeeskardoese
   - ♥ Randburg Begrafnisdiens
   - ♥ Randburg Neem-'n-bejaarde-aan
2. **Sorg-groepe:** Die gemeente is nou in **9 geografiese sorg-groepe** verdeel – om die ou wyke te vervang. In so 'n sorg-groep is persoonlike kontak belangrik. Dié groepe skep ook moontlikhede vir dienswerk as groep of groepering van lidmate soos bv vroue. Ons wil graag 'n **sorg-span van minstens 3** vir elke groep saamstel ... wat uit lede van die kerkraad en lidmate sal bestaan. Kontak ds Servaas asb sommer vandag nog. Of kom luister vandag 17:00!
3. **Naaldwerk-klas vir huiswerkers:** Ons wil graag die projek laat herleef – Donderdae 14:00. Indien daar iemand is wat kans sien om dit te doen ... meld asb by die kerkkantoor aan.

GEBEDSBEDIENING



'n **WhatsApp-groep** van gebedsvennote ontvang gebedsversoeke: spesifiek-persoonlik of anoniem. Rig **versoeke** aan Marisa Combrinck – 082 823 8654. Gebedsversoeke kan ook op die **kaartjies** by die kandelare langs die hoofdeur gelaat word wanneer 'n kers vir iemand opgesteek word.

WOORD VIR DIE WEEK

– Vir die gesin, omgeegroepe en Woensdag Woordgesprek –

Epifanie Week 4 – Matteus 4:12 - 23

Jesus begin Sy aardse bediening ná die gevangeneming van Johannes die Doper. Jesus verkondig dat die koninkryk gekom het en roep dissipels om hierdie boodskap verder te dra.

Moment 1: Die vervulling van profesie ... Jesus se verhaal loop parallel met dié van Johannes. Met die nuus dat Johannes gevange geneem is, gaan Jesus na Kapernaum en begin met sy bediening. Kapernaum word die basis van sy bediening. Dit is nie seker waarom Jesus skuif nie, maar die vervulling van profesie is waarskynlik die rede. Jesaja noem dat die volke Sebulon en Naftali 'n groot lig sal sien. Die volke is naby aan Kapernaum geleë. Wat Johannes nie suksesvol in die suide kon preek nie, word nou suksesvol in die noorde rondom die See van Galilea gepreek. Die lig het die donker kom oopbreek.

Moment 2: En Jesus begin ... Dit is altyd moeilik om met iets nuuts te begin. Die onbekende en onsekerheid kan 'n mens dikwels terughou. 'n Frase wat 'n ommekeer in die Matteus- evangelie aandui, is: "Van toe af het Jesus begin preek en gesê ⋯" Daar is geen huiwering nie. Jesus praat net soos Johannes oor die koninkryk van God wat naby is. God tree daadwerklik op in die stuur van sy Seun, en die koninkryk ontvou in Jesus se woorde en dade. Die Matteus-skrywer maak seker ons weet die **koninkryk van God begin by ons as dissipels**. Dink net wat kan gebeur as ons ook net begin.

Moment 3: Visser van mense ... Die gedagte om 'n visser van mense te wees is eintlik baie vreemd. Ons verstaan waar die metafoor vandaan kom, maar om die beeld van visse net so oor te skuif na mense is kompleks. Mense is nie net siele wat gered moet word nie. Dit is ook nie 'n beeld wat enigsins iets te make het met oordeel nie. Dit het eerder alles te make met die innooi en intrek van mense na 'n nuwe realiteit van lewe. Die dissipels kan dit doen omdat hulle reeds toegerus is. Jy is ook reeds toegerus om God se wil te volg.

Moment 4: Volg My! ... Dink jou net vir 'n oomblik in dat jy in die Bybelse tyd leef en 'n visser is. Terwyl jy besig is met die nette stap 'n onbekende man na jou toe en vra jou om hom te volg. Simon Petrus en Andreas was besig om 'n treknet uit die see te trek en los dit net so. Jakobus en Johannes los hul boot en ook sommer hul pa. Die eerste dissipels dink nie eens twee keer nie. Hulle los onmiddellik dit waarmee hulle besig is en volg Jesus. Die eie-ek word onbelangrik wanneer Jesus ons uitnooi om werklik te leef.

Om oor na te dink:

Vissermanne was nie bekend daarvoor dat hulle slim was of baie godsdienstig was nie. Hoekom dink jy het Jesus hulle juis geroep?

Watter *commitment* wil jy maak aan die begin van 2023 – dalk om Jesus se dissipel te wees? Dalk om iets vir Hom te doen?

Maak 'n vissie op mekaar se hande en seën mekaar met die woorde: "Jesus het jou lief. Jy is sy dissipel. Hy het jou gekies en gestuur."

Gesinne kan die baie bruikbare en toepaslike **DinkJeug Familie App** aflaai vir daaglikse oordenkings wat by hierdie tema aansluit. Dit bevat ook ander hulpmiddels vir huisgeloof. https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en .

SNUFFELGIDS

1. **Saamry-geleentheid gesoek:** Jong dame soek geleentheid 3 dae per week van Jukskeipark/Johannesburg Noord na Linden. Brandstof-koste sal betaal word. Kontak asb vir Elsabé (082 877 6501).
2. **Saamry-geleentheid gesoek:** 4 dae per week vanaf Northwold na Cresta, Brandstof sal betaal word. Kontak asb vir Jake (082 802 6494).
3. **Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Troues, konferensies, verjaarsdae en spesiale vierings. Groot verskeidenheid beskikbaar. Epos: blessings.flowerings@gmail.com of kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
4. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
5. **Loodgieter:** Gekwalifiseerde loodgieter. Skakel vir Maurice van Wyk (076 266 2068).
6. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
7. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
8. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
9. **Ingeboude kaste:** Professionele kabinetmaker: gespesialiseerde ontwerp en installasie van kombuis en badkamer. Beide nuwe installasies en die oordoen van bestaande kaste. Kontak Mike Kidson vir verdere besonderhede – 082 810 1948.
10. **Betroubare verfwerk:** Diet Masenya (072 850 0588) lewer 'n uitstekende diens as verwer en algemene herstelwerk. Afrikaans en Engels goed magtig. Verwysings beskikbaar.
11. **Beskuit te koop:** Tuisgemaak. R80.00 vir 500 gram. Verskeidenheid soorte. Skakel of WA gerus vir Anna by: 082 653 2059. Aflewering kan gereël word vir Sondae by kerk.
12. **Te Huur** vanaf Januarie 2023: Pragtige tuin woonstel in boomryke inheemse tuin, R8 550 per maand. Modern, ten volle gemeubileer en goed toegerus. Dit word weekliks gediens, blits-vinnige internet, ultra-stil-kragopwekker, sentraal, veilig met elektriese omheining in baie stil woonbuurt. Veilige onderdak parkering asook groot swembad! Kontak - 082 920 6163.
13. **Soek werk:** Betroubare en ervare huishulp beskikbaar. Vriendelik en vlytig. Middeljarige SA burger met redelike vaardigheid in Afrikaans. Kursus in Algemene huishouding en Bejaarde versorging. Beskikbaar Dinsdae en Donderdae. Leon Kruger (072 918 3520) vir besonderhede.
14. **Te Koop:** Otto Bach klavier. Kontak Linda du Plessis - 084 663 3363.
15. **Beskikbaar:** 1 Slaapkamer Woonstel te huur, onderdak parkering, sekuriteit en internet in Linden. Kontak Susan 083 2361540 of Paul 082 894 1232.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.